# KINDERKERK LES: Hoekom het Jesus aarde toe gekom?

**Doel van les:**

- Ons verduidelik vir die kinders hoekom dit juis nodig was vir Jesus om aarde toe te kom en aan die kruis te sterf.

**Ysbreker** : Gee vir elke groep 'n bakkie met water, waspoeier, handdoek, lappie met kolle op wat nie kan uitwas nie. Die leiers moet laat elke kind in die groepie 'n beurt kry om die kolle te probeer uitwas.

**Vra:** Kon julle die lappie skoon kry?

**Sê:** Net soos die vuil wasgoed is ons harte vuil van al die verkeerde dinge wat ons doen. Ons kan probeer so hard as ons wil, maar ons sal nooit self ons hartjies kan skoon was nie,

**Vra:** Kan julle dalk vir my sê watter verkeerde ons doen wat ons hartjies kan vuil maak?

God is perfek. Dit beteken Hy het glad nie sonde nie. Hy doen nooit iets verkeerd nie. Hy hou glad nie van die sondes wat ons doen nie, maar Hy is baie, baie lief vir ons. Wanneer ons sonde doen, word ons hartjies vuil net soos daardie lappies vol kolle. Daai sondes maak ook dat ons al verder van God af beweeg.

**Vra:** Nou hoe dink julle kan ons hartjies dan skoon kom as ons nie self ons dit nie self kan skoon was nie en hoe kan ons weer naby aan God kom?

Efesiërs is 'n boek in die Bybel en hoofstuk 2 vers 13 gee vir ons 'n mooi antwoord: **Maar nou is julle een met Christus Jesus, julle wat vroeër ver van God gelewe het, het nou naby gekom deur die bloed van Jesus.**

Kom ons sê die versie saam: Lees die versie en maak dan bewegings soos jy lees wat die kleintjies saam moet doen.

Maar nou (wys met twee hande ondertoe vir nou) is julle (wys na almal in vertrek) een met Christus Jesus, ( wys 'n 1 met vinger en maak dan kruis met arms) julle (wys weer na almal in vertrek) wat vroeër ver van God gelewe het, (stap agtertoe asof wegbeweeg en wys boontoe vir God) het nou naby gekom (stap weer terug en bietjie nader aan kinders) deur die bloed van Jesus. (wys weer kruis) Die vers kan nog 'n paar maal herhaal word met die bewegings sodat die kinders lekker saam kan deelneem nou dat hulle die bewegings gesien het.

Net deur Jesus se bloed dan ons hartjies skoon gewas word. Hoe dink julle het Jesus dit gedoen? Hy het aan die kruis gesterf vir ons sondes. Deur Jesus kan ons weet God die lelike dinge vergewe wat ons doen wanneer ons vir Hom jammer sê en dat God altyd by ons is.

**Aktiwiteit:**
Gee vir elke kind twee hartjies. Die een moet hulle lelik inkleur. Dit wys hoe ons hartjies gelyk het voor Jesus dit skoongewas het. Die ander hartjie is wit. Dit is sodat hulle kan onthou dat hulle hartjies skoon is wanneer jy jou hart vir Jesus gee.

Sluit af met gebed.